

# Ons Leser

## MONUMENT SE KLIP

---

Geagte Redaksie,—Saam met 'n klompie ander Afrikaners het ek die eer gehad om die plek te besoek waar die graniet vir die Voortrekkermonument uitgehaal word. 'n Mens kan waarlik mnr. G. Moerdyk gelukwens dat hy so'n pragtige klip gekry het. Die snaakse feit is dat die graniet net gekry word op 'n paar plase agter Zoutpansberg, wat al bekend is as die plekke waar die Voortrekkers gejag het. Die man wat die klip hier uithaal verseker my dat hy heelwat van die klip by die Monument sal hê by 16 Desember a.s.

W. DE WAAL.

Louis Trichardt.

---